

## **Tema: Met die Here op die trekpad**

### **Skrifvoorlesing: Numeri 9:15-23**

Dit wat die volk Israel in die woestyn van die Here geleer het, geld vandag nog vir ons op ons geestelike trekpad.

#### **Hy is met ons soos in die wolk en in die vuur**

Dit was nie 'n gewone wolk en vuur nie, maar 'n wolk en vuur wat die heerlijkheid van God openbaar het. Omdat dit bokant die tabernakel was, het dit hulle verseker dat die Here in hulle midde is en saam met hulle in sy "tentwoning" trek.

Met sy koms na die wêreld het Jesus Christus die "tabernakel" (Joh 1:14) van God tussen die mense geword. Die wat in Hom glo deel in sy "tabernakel"-wees, want die Skrif noem die gemeente nou "'n geestelike huis waarin God woon" (Ef 2:22) So is Jesus God-met-ons deur die Gees wat ons bedags met sy koelte omvou en snags met sy lig verlig.

#### **Hy is volkome in beheer**

Soos wat Hy vir Israel in die woestyn geleer het om Hom te volg, doen Hy ook met ons, maar net op 'n ander manier. Waar hulle 'n sigbare wolk en vuur moes dophou, moet ons as gelowiges so ingestel wees op die leiding van God deur sy Woord en Gees dat ons dadelik sal weet wanneer ons moet "trek" en wanneer ons moet "kamp opslaan".

In Handeling lees ons hoe Paulus-hulle bewus was van opdragte van (Hand 13:2), maar ook van verandering deur (Hand 16:6) die Heilige Gees. Ons moet nie net die Here se leiding vra nie, ons moet Hom ook volg.

#### **Terwyl ons Hom volg dien ons Hom**

Die nuutheid van Israel se godsdiens was dat die Here se tempel (die tabernakel) nie plekgebonde was nie. Hy was bereid om saam met sy volk rond te trek en hulle kon Hom daaglik dien, al was hulle op die trekpad.

Sy gemeente is nou die tempel wat God deur Christus opgerig het. Selfs die plaaslike gemeente is nie plekgebonde nie, want ons is altyd op 'n geestelike reispad met die Here. Al dienende trek ons saam met Hom en al trekkende dien ons Hom. Dis wat ons "godsdiens" so uniek maak.

#### **Toerusting**

'n Paar vrae om oor na te dink en oor te praat.

Met watter woorde het Jesus vir sy eerste dissipels laat verstaan dat hulle op die trekpad saam met Hom moet gaan? (Mat 4:21)

Wat moet ek hê om die Here op sy trekpad te bly volg?  
Watter hulp het Hy vir ons gegee om op die trekpad te bly?  
Watter vernuwing moet ons ontvang om Hom op die trekpad te kan dien?  
Hoe kan ons mekaar moet help om op hierdie trekpad met Hom aan te hou?  
Watter wolk van genade beleef ons daagliks?  
Watter lig van hoop skyn in ons lewe?

### **Liturgie**

Liedere wat ons vandag gaan sing:

Psalm 126:1 (Du Toit) (Ons oefen die tweede melodie)

Lied 292:1,2 (My enigste troos in lewe en dood)

Psalm 111:1,2 (Cloete) (Laat ons met ontsag Hom noem)

Psalm 121:1-4 (Du Toit) (Ek hef my oë bergwaarts heen)

Psalm 107:1 (Cloete) (Die mense wat behou is moet sê: “Ons is bevry!”)

Skrifberyming 17-2:5-8 (Kom dan tot My, o almal wat vermoeid is...)